# Meisies wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander



Beatrix Potter



Beyoncé



# Beatrix Potter

## Skrywer en Illustreerder

1866-1943

*“Daar is iets aangenaam om die eerste woorde van 'n storie neer te skryf. Jy salt nooit heeltemal weet waarheen hulle jou sal neem nie.”*

***– Beatrix Potter***




Eens in Londen het daar 'n meisie gewoon wat daarvan gehou het om diere te skilder.



Beatrix het die hele jaar uitgesien na die somervakansie, wanneer sy en haar boetie die vaal, grys stadsstrate vir die wilde Hooglande van Skotland kon ontsnap.



Sodra sy haar tasse uitgepak het, het Beatrix haar verf en kwaste bymekaargemaak, haar stewels aangetrek en buite toe gegaan.



Sy het so stil gesit dat veldmuise by haar verby geskarrel het en hase het op gespring en aan die gras by haar voete gepeusel. Die eekhorings het nogal gewoond geraak aan haar wat aan die rand van die bos gesit het, terwyl hulle mekaar deur die takke bo haar kop gejaag het.



Toe sy oud genoeg was, het Beatrix die stad verlaat en na die platteland verhuis.




Eendag het sy 'n brief aan 'n jong vriend van haar gestuur, 'n seuntjie genaamd Noel. In die brief het sy 'n storie opgemaak oor 'n stoute haas in 'n deftige blou baadjie wat groente uit die bure se tuin steel en wat deur die boer geagtervolg word. Beatrix het hom Peter genoem, na haar eie troetelhaas.



Noel was mal oor die storie en wou meer gehad het, so Beatrix het aangehou om aan hom te skryf, en het selfs foto's ingesluit van Peter saam met sy broer en susters. Flopsy, Mopsy en Cottontail.

Uiteindelik het sy die storie as 'n geïllustreerde boek gepubliseer.



Miljoene kinders het van Beatrix Potter se boeke begin hou en haar onvergeetlike karakters, insluitend Mej Tiggy-winkle, eekhoring Nutkin en die twee stoute muise, Tom Duim en Hunca Munca.



Haar heel eerste boek, "*The Tale of Peter Rabbit*", het een van die gewildste kinderverhale van alle tye geword.



# Beyoncé


## Sanger, Liedjieskrywer, Sakevrou

### Gebore 1981



Beyoncé was ses jaar oud toe haar pa kartjies aan mense begin verkoop het, die mense het na hul huis gaan om haar te sien sing en dans.





Toe Beyoncé vir haar ma gesê het dat sy 'n groep saam met haar vriende wil skep, het haar ma ingestem en gesê "Goed. Ek sal jou kostuums maak."


En so was *Destiny's Child* gebore.



Beyoncé was die koningin van die groep. Sy was gedrewe, gefokus en het daarin belang gestel om soveel as moontlik oor elke aspek van die musiekbesigheid te leer.



Aanvanklik was haar pa haar bestuurder. Maar toe het sy besluit sy wil in beheer van haar loopbaan wees, Beyoncé het hom gevra om opsy te staan.



Madonna die groot sangeres en liedjieskrywer, was haar rolmodel.



Net soos Madonna, wou Beyoncé nie net 'n gewilde sangeres wees nie – sy wou 'n reus in die musiekbedryf gewees het.

En dit is wat sy geword het.



Een liedjie op 'n slag, een album op 'n slag, een konsert op 'n slag, het Beyoncé haar eie pad gesmee en het 'n inspirasie vir mense regoor die wêreld geword.



Sy het oor vryheid, liefde, onafhanklikheid en pyn gesing: beide persoonlike pyn en sosiale onreg. Sy het miljoene swart vroue geïnspireer om trots te wees op hul kultuur, hul oorsprong en hul eie unieke styl.



Toe Beyoncé gevra was om tydens die rustydvertoning van die Super Bowl, die grootste sportgebeurtenis in die Verenigde State op te tree, het sy die stadion binnegegaan met 'n weermag van vroulike dansers, almal was in swart geklee. Met haar oortuigende liedjie "*Formation*" het sy 'n swartmaglied voor honderdmiljoene kykers laat val.



Vandag is sy die mees invloedryke lewende popster in die hele wêreld.



THINK
DIGITAL ACADEMY